LAURIKA RAUCH noem haar werk as sangeres en toonsetter van Afrikaanse liedere „maar 'n begin".

Sy skeur bitter-soet uit mens se hart

DIS anders as op TV. G'n glamorous stelle, g'n reënboë van kleur of oëverblindende kameratruuks nie. Net 'n stem en musiek in 'n donker vertrek met donker mure. En die sigaretrookdamp teen jou oë — of wat is dit, wat anders is dit wat hulle so skielik laat traan?

Nee, erken dit. Dis haar stem wat koue rillings langs jou nek af laat gaan. „Die lewe is 'n grenshotel . . ." sing sy, en in die woorde van Hennie Aucamp skeur sy 'n spektrum van weemoed en bitter-soet uit wat jou laat weet: in dié klein, karige Laager-Teater het jy vanaand van aangesig tot aangesig met 'n ster gesit.

Laurika Rauch is Afrikaans se Joan Baez, se Piaf, se Nina Simone. Nie net jou hart sê dit vir jou nie. Jy hoor dit in die oomblik van stilte en dan die skielike dawerende bravo's wat haar optrede as die hoogtepunt van die aanbieding van Musiek en Liriek in die Johannesburgse teater onderstreep.

Vandeesweek is die laaste van Merwede van der Merwe se vier programme oor die „nuwe Afrikaanse musiek" oor die TV aangebied. Hierin, soos vroeër in Stephan Bouwer se Fyn Net van die Woord, en in die temalied van die TV-reeks Phoenix & Kie, is Suid-Afrika deur die massamedium bekend gestel aan die stemme van Laurika en ander jong sangers soos Anton Gosen, Clarabelle van Niekerk, Louis van Rensburg, Jannie du Toit en ander.

Dit het groot byval gevind. Soveel so dat jy van oral skielik gehoor het: hiér kom nou 'n ding, daar's 'n nuwe opbloei van Afrikaanse musiek, 'n nuwe beweging. Mense het skielik weer ontdek — asof dit 'n vreemde verrassing is — dat Afrikaans **opwindend** gesing kan word.

Maar hóé opwindend werklik; dit, voel 'n mens in die Laager, kan die televisie selfs met al sy helder kleurrykheid nie heeltemal oordra nie. Want in die lewende aanbieding wat nog tot einde vandeesweek duur, met al sy gebreke van wisselende klank-gehalte, bekrompe spasie wat die sangers soms 'n mikrofoon laat raakstamp, en al — hier gebeur 'n spesiale toorkrag wat miskien net eie is aan ware kabaret. Jy kom naby. Jy kommunikeer met die hart van die sangers.

„Dis merkwaardig met hoeveel liefde, hoeveel deernis mense betrokke geraak het by die aanbiedings van ons klompie sangers," sê Laurika. „Almal wat saamgewerk het aan die TV-aanbiedings en die optredes in die Laager het dit met een motief gedoen — 'n gevoel van opwinding, soos vriende wat saam iets ontdek."

Dit is, in werklikheid, die „vernuwing" wat dié groepie se werk in die Afrikaanse lied gebring het. Hulle sing nie meer om te vermaak nie, maar om iets te kommunikeer van die egte gevoelens van menswees, in ons tyd en ons omgewing.

Dis dié gevoel van opregte verkenning, van iets méér probeer sing as woorde, wat van Anton Goosen al byna iets van 'n kultusfiguur gemaak het. En dis dié gevoel wat — as die vlam werklik vat in die maande en planne wat voorlê — van Laurika Rauch, die uitblinker van Musiek en Liriek, legendes soos Joan Baez en ander hier te lande kan laat ewenaar.

Wat sy en die ander sangers doen, sê sy, is geen beweging nie, geen doelbewuste poging om die Afrikaanse lied te bevorder nie. Elkeen sing alleen omdat hy kan en wil. „By my gaan dit nie om 'n bepaalde saak nie. As sake in 'n skielike ‚oplewing' ontwikkel het, is dit maar net omdat omstandighde in daardie rigting geloop het. Daar was 'n klompie sanger-komponiste beskikbaar, talent wat gewaardeer kon word. En wat gebeur het, is dat hulle skielik gewaardeer is en aandag gekry het en meteens 'n groter gehoor gekry het as 'n partytjie, waar hulle vroeër voor ses of agt mense gesing het.

„Toe vat die vlam omdat die tyd reg was. Daar was 'n leemte en 'n begeerte by ons mense vir dié soort musiek. En die sangers was bewus van hul tyd."

Maar 'n beweging om bepaald net Afrikaanse musiek opnuut vir Afrikaanse mense oop te maak — só sien sy nie die kwessie nie. „Dis vir my belangrik dat

● Vervolg op bl. 2

Vier van die sterre wat in TV programme soos Musiek en Liriek Afrikaner-musiek 'n nuwe aansien gegee het, tree nou in die Laager in Johannesburg op. JOHAN BRUWER het gaan kyk en luister.

'N STERK stukrag in die opbloei in Afrikaanse ligte musiek is die deernis waarmee die kunstenaars saamwerk. STEPHAN BOUWER (regs) het as TV-regisseur baie gedoen om die sangers oor die televisie bekend te stel en van sy gedigte is ook deur hulle in toonsettings gebruik. Die nuwe sangers se werk breek nie heeltemal met die Afrikaanse tradisie nie. Die sanger JANNIE DU TOIT (onder) gee 'n varsheid aan die ou landelike temas, terwyl LOUIS VAN RENSBURG meteens liefderyk daarmee spot en daarop voortbou.



EEN van die stutpilare van die program Musiek en Liriek is die sanger-komponis Anton Goosen, wie se aanhang nou al 'n kultus begin word. Sy liedjies soos Straattroebadoere en Waterblommetjies, gesing deur Laurika Rauch, is van die hoogtepunte in die „nuwe sangers" se aanbieding.

En hoor jy die magtige dreuning?

DIT woel en werskaf rondom die Afrikaanse lied—of luisterlied, om die Hollandse woord te gebruik—veral ná die groot sukses van Merwede van der Merwe se TV-program Musiek en Liriek. RAPPORT het vandeesweek 'n klompie van die mense wat midde-in die gewoel staan, vir ete genooi. STEPHAN BOUWER doen verslag oor hoe hulle voel en waarheen hulle meen hulle op pad is.

DIS geesdrif vir die Afrikaanse luisterlied wat hierdie klompie bymekaar gebring het. Van links: Stephan Bouwer, Laurika Rauch, Des Lindberg, Merwede van der Merwe en Anton Goosen.

DIE geesdrif, woelinge en ge-bedule wat rondom Merwede van der Merwe se onlangse TV-reeks, *Musiek en Liriek*, ontstaan het, het 'n kettingreaksie veroorsaak wat véél goeds en opwindends vir ligte Afrikaanse musiek voorspel.

Foto's: Nato Barnard

Party mense praat van „Die vernuwing in die Afrikaanse Liedjie" — met so 'n eerbiedige verwysing na destyds se Sestigers in ons literatuur; die oormoediges praat van „Die Verlossing uit die Rioolslote" — met 'n verwysing na gunsteling liriek-rymskemas soos **hart/smart** en **vrou/trou**; ons meer gesofistikeerde Engelse broeders (wat nou begin saamluister) praat van „Die Nuwe Volwassenheid in die Afrikaanse Liedjie" — met siniese herinneringe aan nommers oos **Tienduisend myl** en **Die trein na Pretoria**, en 'n ghoeroe soos Anton Goosen — Sélf midde-in die M & L-„happening"! — weier om die besigheid 'n naam te gee as dit maar selfs 'n sweempie van 'n „beweging" of 'n „groepie" gaan begin kry.

Dit is darem seker „veilig" om te beweer dat daar op die vooraand van Tagtig 'n ding aan't gebeur is wat die **luisterlied** (om die Hollanders se mooi woord te leen) 'n genre maak wat nou in aanvraag is. Hoe anders verklaar 'n mens, byvoorbeeld, vyf verskillende platemaatskappye se skielike geskarrel om Laurika Rauch te kontrakteer . . . en dit nadat daar 'n paar maande gelede nog meewarig beweer is dat die Afrikaners nie plate koop tensy hulle aan 'n sekere „kommersiële" resep voldoen nie?

Dié (prysenswaardige) gevry na Laurika Rauch is maar een van die „woelinge" wat vroeër genoem is: Die musiek uit Merwede van der Merwe se programme gaan, na al die versoeke, op langspeelplate uitgereik word. Dié regisseuse word sedert **Musiek en Liriek** se „sigbaarstelling" as 't ware oorval deur kassetbandjies en partiture uit alle dele van die land. Nic van Rensburg is besig om M & L op te volg met 'n reeks radioprogramme. Die Laager in die Markteater is verlede maand elke aand volgepak deur uiteenlopende gehore wat na Jannie du Toit, Louis van Rensburg, Clarabelle van Niekerk en Laurika Rauch se musiek kom luister het. Joubert Malherbe is besig om 'n groot makietie (**Sang en vers by opsitkers**) te reël wat op 15 September in Unisa se Ou Mutualgehoorsaal gaan gebeur. Laurika se solus-plaatjie (**Kinders van die wind**) trek al sewende op Radio 5 se blitsverkopers en word sodoende die vierde Afrikaanse plaat in vyf jaar wat op dié stasie se **play-list** verskyn. 'n Bandopname van Laurika se Boerneef-liedjie, **Nalekokers**, behaal na sy eerste draaiskoot 'n tweede posisie op Edwill van Aarde se radioprogram van Afrikaanse treffers. Louis van Rensburg se solus-debuut, **Hier by jou** (met 'n pragliriek deur Fanus Rautenbach), is op pad na die trefferparade e.s.m. (P. G. du Plessis het hom selfs geroepe gevoel om dié M & L „ding" in 'n hoofartikel in 'n oggendblad te besing in 'n kolum wat normaalweg vir heel plegtige politieke kommentaar bestem is!)

As gevolg van 'n geografiese toevalligheid (?) het die groot opgewondenheid tot dusver nog so 'n effense Transvaalse geurtjie . . . al het daardie fyn Kaapse import, Mynie Grové, al om die ander week haar draaie moes fynsny om opnames in Johannesburg by te woon. Nou hoop 'n mens maar net dat daai voorlopers soos Hennie Aucamp, Jannie Hofmeyr, Johan Stemmet en Randall Wickham se Muse nog lewendig en gesond is.

Toe 'n paar M & L-deelnemers en medewerkers vandeesweek in Johannesburg poolshoogte geneem het, is daar juis beweer dat al die goeie liedjie-vibrasies wat nou rondvlieg niks met 'n doelbewuste „aksie" te make het nie (**Anton Goosen**); dat 'n sweempie van 'n **in-ding** uit die Bose vir ons ligte musiek sal wees (**Merwede van der Merwe**); en dat 'n gewaande „eksklusiwiteit" net tot 'n nuwe, selftevrede soort establishment sal lei (**Des Lindberg**).

Ligte Afrikaanse musiek moet 'n huis met vele wonings bly — wat die skepping én uitvoering daarvan betref — was die algemene gevoel. Bewerings soos dié het gelei tot 'n heel lewendige gesprek oor wát dan nou kwansuis besig is om te gebeur — as daar **überhaupt** iets aan't gebeur is. Anton glo dat die „nuwe liedjie" geen beelde probeer bestorm nie. Dinge soos tradisionele en volksliedjies word nie vervang of uitgeskakel nie. Hulle is trouens daar as erfenis en as bron van inspirasie — soos wanneer hy Boeremusiek-weerklanke (ons eie **Blue grass**!) in sy liedjies gebruik as „verwysings".

Des Lindberg — en hy behoort te weet, want hy is al baie jare in die bedryf — beskou dit as 'n folkherlewing. „Neo-folk in Afrikaans, sewentien jaar ná dit in Engels gebeur het!" Wat hom baie bly maak, is dat liriek weer sy regmatige plek van disco terugwen. „Ek het tot onlangs geglo dat die dae van musiek én liriek verby is. Die mense wou mos net rondspring op die maat van disco." Hy vind dit baie beduidend dat die **Afrikaanse** liedjie dalk voortaan hier gaan rigtings aandui.

Jannie du Toit het met die opening van die Markspeelvak half boos gekonstateer dat sý musiek niks met 'n sg. vernuwing te make het nie, en ter illustrasie 'n liedjie gesing wat al tien jaar gelede ontstaan het. Dis goed en wel. Hy het egter nie verklaar waarom hy, as solis, eers in dié dae so 'n **groot**, waarderende gehoor bereik het nie. Dit wil dus lyk of dit eerder die smaak van die algemene publiek is wat 'n drastiese kuur/verandering ondergaan het!

Merwede glo dis aan die koms van TV te danke. „**Musiek en Liriek** op TV het gekom op 'n tydstip toe die mense daarvoor reg was. Kykers het oorsese verskeidenheidsprogramme gesien en besef dat eietydse Afrikaanse liedjies, by vergelyking, maar meestal banaal en oppervlakkig is. Drie jaar gelede sou dit nie so gewerk het nie . . ."

Des stem saam. „**Musiek en Liriek** het vir Afrikaanse musiek gedoen wat **Wait a Minim** destyds vir plaaslike Engelse musiek beteken het."

Anton kla dat daar nog te min goeie, oorspronklike liriek is. Dis nie alle gedigte wat sommer 'n liedjie word nie. (Hy rig nogtans 'n dringende versoek aan alle digters wat gesing wil word om daardie grammofoonplaat-klousule in hulle uitgewerskontrakte met 'n dik streep deur te haal: sodoende sal daar minder rompslomp en hoër tantièmes wees met toonsettings, uitvoerings en plate!)

Rosa Keet kom met 'n „ses-punt-plan" vir die toekoms van musiek en liriek: 1. Landwye toere, op die platteland en ook in Kleurling en Swart woonbuurte. 2. Borge vir nuwe plaatopnames. 3. Die publisering van bladmusiek. (Anton reken sy A.G.-uitgewery is mos daar!) 4. 'n Sangfees wat oop is vir alle bevolkingsgroepe om nuwe liedjies bekend te stel. 5. Die studie van inheemse volksmusiek aan ons Toonkunsakademies . .. 'n TV-kompetisie vir nuwe liedjies . . . en stuur die wenner na 'n internasionale sangfees.

Die plaaslike sangfeesvoorstel vind groot byval. So 'n Boere-Woodstock in die Kaap of Johannesburg, geborg deur 'n groot koerant of die bier- en wynmense. As daardie borg eers gevind is, gaan daar landwyd gemobiliseer word.

Dit is duidelik dat die Afrikaanse liedjie hom regskud vir 'n groot bloeityd. En dis goed dat daar so baie gepraat, besin en beduie word. Solank die arbeid net voortgaan terwyl daar so lekker geteoretiseer word. Dit lyk klaar of die „nuwe liedjie" 'n gróót sambreel gaan word waaronder enigiemand sy ding kan doen. (Daai **punk-** en **new wave**-manne kan dus ophou raas en begin liedjies maak: as 'n mens dit geëet het, weet jy immers hoe dit smaak.) Intussen bly die ore getuit. Die aanvraag is groot — vra maar vir Merwede van der Merwe — en die opbrengs is nog kleinerig. — STEPHAN BOUWER

BO: Merwede van der Merwe, regisseuse van die baie geslaagde TV-program Musiek en Liriek, maak 'n punt. Merwede het met haar program veel gehelp om aan die renaissance van die Afrikaanse lied stukrag te verleen. En dis nie die einde van die storie nie, sê sy. Daar kom nog programme in die Musiek en Liriek-styl.

TWEE van die sterre van Merwede se Musiek en Liriek-program, Laurika Rauch en Des Lindberg. Laurika se Kinders van die Wind verkoop en verkoop en verkoop . . .

REGS: Anton Goosen, big daddy onder die Afrikaanse liedjieskrywers. Die herontwaking van die Afrikaanse lied is in hoë mate aan sy ywer te danke.